Uit die kantoor van die Visekanselier

8 September 2004

Geagte kollegas en studente

Daar was gedurende 2004 sommer heelwat interessante gebeure, en dit is moeilik om te glo dat twee derdes van die jaar reeds agter die rug is! Die lente is byna op ons, en die eksamen kom ook vinnig nader …

Ek wil graag saam met u 'n "bestekopname" van ons samesmeltingsproses doen … hoe ver ons gevorder het, en waarheen ons nog op pad is.

Hoe ver het ons reeds gevorder?

- Daar is sekere mylpale wat genoem moet word:
- Ons raad is saamgestel en funksioneer reeds.
- Sekere fundamentele beleidsbesluite is reeds geneem, soos die aanvaarding van die algemene akademiese reëls, gemeenskaplike toelatingsvereistes, gemeenskaplike akademiese kalender vir 2005, 'n dissiplinêre kode vir studente en die grondwet van die Institusionele VSR.
- 'n Visekanselier (VK) en senior bestuur is aangestel en is besig om die beplanning vir die res van die jaar op institusionele sowel as kampusvlak te doen.
- Onderhandelings oor die basiese diensvoorwaardes het ver gevorder en behoort teen 1 Januarie 2005 gereed te wees.
- Daar is reeds goeie vordering met werk aan gemeenskaplike beleidsake gemaak. Die meeste hiervan sal op 1 Januarie 2005 op al die kampusse in werking tree.
- Die in ooreenstemming bring en integrering van stelsels en prosedures het ook reeds goed gevorder.

Waarheen is ons nog op pad?

Daar is egter alle uitdagings wat gedurende die res van die jaar vir ons voorlê:

- Daar is 'n aantal vakatures wat so gou moontlik gevul sal moet word. Sonder doeltreffende bestuur sal ons nuwe beleid nie geïmplementeer word nie, en kan ons nie vordering toon nie.
- Die verkiesings vir kampus VSR'e (in Mafikeng en die Vaaldriehoek – Potchefstroomkampus het reeds hulle s'n afgehandel) asook die formele totstandbrenging van die Institusionele VSR moet afgehandel word. Aanstaande jaar behoort die verkiesing van kampus VSR'e beter saam te val, verkieslik binne dieselfde maand.
- Die toekoms van die Mankwekampus moet in die beste belang van alle betrokkenes oor beslis word.
- Die Minister van Onderwys moet nog ons statuut aanvaar deur te sertifiseer dat dit in ooreenstemming met die Wet op Hoër Onderwys is. Die konsepstatuut wat in Maart 2004 aan die Ministerie voorgelê is, is na ons mening heeltemal met die Wet in ooreenstemming. Ons behoort sekere kwessies wat onlangs deur die Ministerie geopper is, bevredigend te kan oplos.
- Daar is twee raadsvergaderings vir die res van vanjaar geskeduleer: op 7 en 8 Oktober op die Mafikengkampus en op 26 November op die Vaaldriehoekkampus. Die begroting vir 2005 is op die agenda vir die Oktobervergadering. Die voorgestelde begroting is verlede week eenparig deur die Uitgebreide Bestuurskomitee aanvaar, vir aanbeveling by die Raad.
- Die kantoorruimte vir die Institusionele Bestuurspan (IB) moet gefinaliseer word.
- Opleiding en kapasiteitsbou vir die verskillende vlakke van bestuur is onontbeerlik indien ons universiteit suksesvol wil wees.

- Die institusionele plan moet voor die einde van die jaar aan die Departement van Onderwys (DvO) voorgelê word.
- Die IB moet die toewysing van eerstejaarstudente aan die onderskeie kampusse finaliseer binne die beleid vir die beperking van studentetalle wat teen die einde van September deur die DvO aangekondig sal word.

Die proses om senior bestuur aan te wys

Dit is duidelik dat daar onder sommige personeellede 'n mate van misverstand omtrent die proses bestaan. Laat ek weer eens 'n paar aspekte van die proses uitlig:

- In die beste belang van die samesmelting en ons nuwe universiteit het die Raad eenparig op die vergadering van 18 Junie 2004 ooreengekom om 'n "absorpsiestrategie" te volg, d.w.s. om die beskikbare persone in te pas by die poste wat dit nodig was om te vul. Dit kon formele onderhoude insluit (veral indien meer as een kandidaat aansoek gedoen het).
- 'n Raadskomitee, wat bestaan uit die adjunkvoorsitter van die Raad, die voorsitters van die Transformasie- en Mensehulpbronkomitee van die Raad asook die VK, het die mandaat gekry om toesig oor die proses te hou en 'n aanbeveling aan die Raad te doen.
- Die poste is intern geadverteer en alle personeel van die Universiteit kon aansoek doen. Die aansoekers wat aan die minimum vereistes voldoen het, is genooi om deur 'n professionele eksterne mensehulpbron-agentskap geëvalueer te word.
- Op grond van die evaluerings is tien persone vir onderhoude genooi, en die Raadskomitee het 'n "pakket" by die Senaat en die Institusionele Forum vir hul advies aanbeveel.
- Met inagneming van hierdie advies het die Raadskomitee 'n finale aanbeveling by die Raad gedoen, wat die Raad op Vrydag, 26 Augustus 2004 met 'n meerderheid van die lede teenwoordig aanvaar het.

Ons is van mening dat hierdie IB-span 'n baie goeie begin vir volhoubare transformasie verteenwoordig, d.w.s. 'n goeie balans tussen doeltreffendheid en billikheid; drie van die sewe lede is uit die aangewese groepe (ooreenkomstig die Wet op Billike Indiensneming) en sodra die Kampusrektor vir Mafikeng aangestel is, kan dit vier uit agt wees. Die senior bestuurspan is hoogs gekwalifiseerd, ervare en toegewyd en is die beste span in hierdie stadium van die samesmeltingsproses sowel as van die lewe van ons universiteit.

Ek rig 'n versoek aan alle personeel en studente om met die topbestuurspan hande te vat en aan hulle u volledige steun te gee in die moeilike taak wat voorlê.

Die samesmelting-"telbord"

Met die formele fase van die samesmelting wat byna afgehandel is, is dit belangrik om voortdurend die "oorwinnings" en voordele van die samesmelting tot op datum in gedagte te hou:

Ons het byna R13m van die DvO ontvang om die IT-vermoë van die Universiteit op te gradeer.

Ons het R14m van die DvO ontvang om 'n kantoorgebou en klaskamers op die Vaaldriehoekkampus te bou.

Ons het 'n woonstelblok met tweehonderd kamers gekoop om die akkommodasiesituasie op die Mafikengkampus te verbeter.

Al drie kampusse het gedurende 2003 beduidend verbeter wat hul navorsingsuitsette betref. Dit toon dat die kernbesigheid nie verwaarloos is nie, selfs gedurende 'n tydperk van groot onsekerheid.

Drie fokusareas vir navorsing en nagraadse onderrig is aan 'n internasionale eweknie-oorsig onder die leierskap van professor Michael Gibbons onderwerp, wat tot Julie die sekretaris-generaal van die Association of Commonwealth Universities in Londen was. In hul terugvoer het die panele waardering vir die verbetering in die werk van die drie fokusareas sedert die vorige evaluering in 1999 uitgespreek,

die drie direkteure vir hul uitnemende navorsingsbestuur geloof en genoem dat vordering met interdissiplinêre navorsing reeds merkbaar was.

Ons het 'n toelae van R6,4m oor drie jaar vir grondslagprogramme op die Mafikengkampus van die DvO ontvang.

Die voorsiening van R48m wat in die laaste finansiële state van die voormalige UNW gemaak is, sal ons in staat stel om 'n grootskaalse en voordurende instandhoudingsplan vir die geboue op die Mafikengkampus oor die volgende aantal jaar te implementeer.

Die Potchefstroomkampus (vir die 2003-jaar) het ten opsigte van goeie korporatiewe bestuur onder die voorste drie universiteite in die land geëindig ('n toekenning wat deur PricewaterhouseCoopers gemaak word).

Die uitgebreide bestuur (waarby alle senior kampusbestuurders betrokke is) het eenparig 'n universiteitsbegroting vir 2005 vir aanbeveling by die Raad aanvaar. Dit het gevolg op 'n uitgebreide raadplegingsproses op verskeie bestuursvlakke.

Beplanning vir die res van die jaar

Die IB het pas 'n tweedagwerkswinkel voltooi waartydens funksies op institusionele sowel as kampusvlak bespreek en bepaal is. Teikens en prioriteite vir die res van die jaar is ook gestel. Daar was 'n atmosfeer van vasbeslotenheid op die vergadering, in die sin dat, hoewel ons nie die uitdagings onderskat nie, ons daaraan toegewy is om 'n sukses van sake te maak.

Ek rig 'n versoek aan alle personeel en studente om met die topbestuurspan hande te vat en aan hulle u volledige steun te gee in die moeilike taak wat voorlê.

Soos tydens 'n vorige geleentheid versoek ek weer eens dat enige persoon met voorstelle of aanbevelings asseblief vrymoedigheid moet neem om iets op skrif te stel of 'n e-pos te stuur aan rktte@puk.ac.za.

Verder, en veral met die eksamen wat voor die deur staan, kan die beste bydrae tot die sukses van die samesmelting steeds gemaak word deur op ons kernbesigheid te fokus: onderrig-leer, navorsing en die implementering van ons kundigheid. Ons is besig met die finale rondte van die jaar; kom ons voltooi die wedloop met entoesiasme en toewyding. Ek bedank graag alle personeel en studente wat daartoe bygedra het om ons samesmelting stabiel en suksesvol te maak.

Theuns Eloff
Visiekanselier en Hoof